**Rolbal Etiket: ‘n Enkele wenke saamgestel deur Pep Scholtz- 22 Jan 2022**

**LEI**

1. TREK- die Lei lê die fondasie!!
2. Luister vir die Skip en nie onnodig gesels nie
3 Konsentreer op gras en gewig -(m.a.w.fokus!)
4. Plaas opponent se bal as hy/sy eerste rol.
5. Rol witte waar die Skip staan. Skip besluit op kort of langer kop.
6. Maak seker witte is in lyn as baan nie gemerk is nie.
7. Moenie self besluit om mat op te vat nie. Dit is die Skip se besluit.
8. Kies die beter/makliker kant om te rol as jy kan.
9. Hou jou opponent dop om te sien watter hand hy/sy verkies.
10. Oogmerk is om altyd binne ‘n meter van die witte te eindig.
11. Probeer die skoot trek of ten minste 2de skoot en poog om met jou ander bal ook in die kop te eindig.
12 As die skoot af is, speel verby die witte.
13. Moenie die opposisie se bal probeer uithaal nie --- dit word nie van jou verwag nie.

**2De**

1. Luister vir die Skip moenie sy/haar besluit bevraagteken nie.
2. Tweedes behoort nie raad aan die 3de of Skipper gee nie.
3. Trek om die kop te bou volgens die Skip se plan.
4. As die skoot af is speel verby die witte.
5. Yard on en chop and lie op versoek.
6. Oogmerk is om eerder verby te speel as te kort.
7. Plaas jou 3de se bal by die mat as hy volgende gaan rol.
8. Maak seker jou balle is in die kop.
9. Moet telling op die bord skryf.
10. Eerstes en tweedes behoort belang te stel in die uitslag van die kop sonder om in te meng.
11. Om die wedstryd te help vloei moet die tweedes ook help om die balle bymekaar te kry.

**3DE**

1. Indien jou Skip 1ste rol behoort die 3de, voordat hy die matkant verlaat, sy Skip se bal op die mat te plaas.
2. Die 3de behoort stil te bly totdat die Skip vir raad vra.
3. n Goeie (wise) Skip sal met die verbyloop, met sy derde oorlegpleeg, maar dit beteken nie dat hy die 3de se raad sal volg nie.
4. Indien die kop verander het mag die derde die Skip van raad bedien maar moet nie die Skip se spel beheer nie.
5 Indien die Skip nie die 3de se raad aanvaar nie moet laasgenoemde dit hoflikle aanvaar.
6. By voltooiing van die kop gaan onmiddelik af en meet skote waaroor twyfel bestaan. Moeinie om die kop loop en stry oor watter bal die skoot bal is nie.
7. Terwyl n teenstander meet en hy moontlik ‘n skoot in sy guns nie raaksien nie, stel voor dat hy dit meet.
8. As jou 2de of 1ste jou aandag vestig op n skoot wat jy moontlik nie raakgesien het nie, bedank hom/haar daarvoor.

**Skipper**

Ek lig net belangrike punte uit

1. Moet ervare wees en elke kop kan lees.

2. Wees positief. Moet nooit huiwerig voor kom nie.
3. Positiewe houding. Wees 'n voorbeeld vir die res van die span.
4. Geen afrigting gedurende die spel nie.
5. Fokus en hou elke bal dop totdat die bal tot stilstand kom.
6. Moeinie inligting aan spelers skree nie.
7. Moeinie 'n speler se hand verander vir die 2de of laaste bal nie behalwe as die kop dit noodsaak.
8. Moet nie dryf as jy net een bal in kop het nie.
9. Hou jou liggaamstaal in toom. Moenie die opposisie hoop gee nie.
10. Lees baie gou die baan. Die noue kant of wye kant en deel dit met die res van die span.
11. Wees baie spesifiek wanneer jy roep.
12. Moet weet wanneer om aan te val en wanneer om te verdedig.
13. Prys goeie skote van sy eie span op 'n besadige manier.
14. Moenie ooglopende foute uitwys nie. Byv kort, wyd, ens. Elke speler weet dit as hy/sy klaar gerol het.
15. Moet 'n plan hê vir elke kop en bou daaraan.
16. Ken die prosedure vir n gebrande kop.
17. Ken jou span se vermoëns - swak en sterk punte.
18. Luister vir die 3de as die kop verander het of gaan kyk self.
19. Sorg dat 3de plan ken en saamstem vir die uitvoering daarvan.
20. Telling opskryf. Kaart of bord
21. Moeinie wys as jy kwaad of terleurgesteld is nie.
22. Goeie maniere ten alle tye-- wen of verloor.
23. Moeinie gekruide taal gebruik of winde los nie 😄 😄